

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

#### Aansteek van die kerse

#### Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...  
 waar haat is, laat ek daar u liefde bring.  
 Laat ek in pyn en smart vertroostend wees  
 en krag gee deur geloof in U, o Heer.

*Refrein (slegs na strofes 1 en 2)*  
*O Heer, help my om altyd so te leef –*  
*om ander hoër as myself te ag,*  
*ja, om lief te hê – ander bo myself –*  
*en ook eerder te gee as te verwag.*

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...  
 en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.  
 Ek wil u lig in duisternis laat skyn.  
 Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...  
 leer my om ook soos U te kan vergeef.  
 Maak my bereid om aan myself te sterf,  
 dat ander U al meer in my kan sien.

## Woorddiens

Tema: Leer my om te lewe...

Skriflesing: Psalm 25

"I do not consider myself less ignorant than most people. I have been and still am a seeker, but I have ceased to question stars and books. I have begun to listen to the teachings my blood whispers to me. My story is not a pleasant one; it is neither sweet nor harmonious, as invented stories are; it has the taste of nonsense and chaos, of madness and dreams -- like the lives of all men who stop deceiving themselves."

— Hermann Hesse

### Broodjies vir die pad

Die kuns van die lewe lê in die alledaagse

*Annemarie van der Walt*

Dit is 'n voorreg om soms in die geselskap te wees van mense wat hulle nie laat verlei deur die gewaande spoed, die sleur en kleinsieligheid van die daaglikse lewe nie.

Ironies is dit meestal ook dié wat juis van die alledaagse iets besonder, eiesoortig maak; hulle is teenwoordig in al die doodgewone dinge van elke dag – kosmaak, huishou, geld te

verdien – maar op 'n manier wat spreek van deurdagtheid, tydszaamheid (hoe beskrywend is dié woord: saam met die tyd.)

Daar is ook iets byna afgemete, berekenend aan hul bewegings, kyk maar, nou word die koffie afgemete, die water geskink: Dít is die hande, die toegespitste aandag. En deurentyd is daar die gesprek wat die luisteraar laat voel asof 'n kantgordyn voor 'n venster weggeskuif word om 'n helder uitsig bloot te lê.

Meermale is die gesprekskunstenaars ook diegene wat skeppend omgaan met hul tyd, die klein bestaan. Iets word van niets gemaak en 'n mens sien dit veral in hul blyplekke, waar gebruiksgoed en meubels bygeleef in stede van bygekoop word. Want onthou, tyd is aan hul kant en daar is altyd 'n vervaldatum vir vertonerigheid.

Al dié indrukke is opnuut gewek met 'n ontmoeting van die Bosch-pottekunstenaarsfamilie onlangs. Laeveldse adel, al sal hulle hulself nooit so ag nie. Dit het herinner aan ontmoetings met onder andere die uitgebreide Holm-familie van Hartbeespoort se geweste jare gelede en die gemene deler is dat kuns in menige vorme deel is van die families se daaglikse doen en late, van die gesprekke.

In daardie samesyn vervaag die angstigheid oor die politiek, geplunderde pensioenfondse en hoë kospryse.

Die gesprekke is allermins 'n ontsnapping aan die werklikheid; veel eerder 'n bevestiging dat die wêreld belangrik genoeg is sodat die juiste woord gesoek moet word om 'n gedagte oor te dra; 'n presiese kwashaal waarde het; of dat goeie musiek geslagte lank sal oorleef.

Gevoed en begeesterd neem ek my weer voor om met aandag elke dag met kuns om te gaan en dit te gaan soek in galerye, teaters, by uitvoerings van goeie musiekkunstenaars.

En wanneer geleentheid daarvoor tekort skiet hier op die platteland, sal ek in my stoel sit voor die musieksentrum in my sitkamer en lúister na elke noot; ek sal nie langer voel die tyd is te skraal om my te verdiep in 'n goeie boek nie en veral sal ek iedere dag moeite maak met mooi.

Daarom skryf ek vir myself N.P. Van Wyk Louw se gedigreëls uit "Aan die skoonheid" neer: "Hoe sal ek jou met name gryp, jy wat so diep / verborge is in ons bloed en buite ons, / en dan weer skielik lig en nakend voor ons staan; / . . . / As ons jou sien volkome, word alles wyd; / dan straal geheimloos en deurskyn die wêreld op / . . . / en weet ons diep: God het een oomblik opgehef / tot tydeloosheid . . ."

Dit het alles te doen met die klein, daaglikse kuns van die lewe.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/die-kuns-van-die-lewe-le-in-die-alledaagse-20180214>

"A person can learn a lot from a dog, even a loopy one like ours. Marley taught me about living each day with unbridled exuberance and joy, about seizing the moment and following your heart. He taught me to appreciate the simple things—a walk in the woods, a fresh snowfall, a nap in a shaft of winter sunlight. And as he grew old and achy, he taught me about optimism in the face of adversity. Mostly, he taught me about friendship and selflessness and, above all else, unwavering loyalty."

— John Grogan, *Marley and Me: Life and Love With the World's Worst Dog*

## Die Y-generasie skep vir almal moontlikhede

*Wilhelm Jordaan*

Aanvanklik het 'n mens gedink die selfie is een van vele verbygaande foefies wat gedra word deur die aansteeklikheid van die sosiale virus: Jy doen dit; ek doen dit; nou doen ons almal dit. En ná 'n tydjie is dit verby.

Selfies het egter deel van ons leefwyse geword, veral dié van die sogenaamde millenniërs.

By millenniërs is selfies 'n manier waardeur die “self” (die mens wat jy dink jy is, of eerder wil wees) aangebied, bemark, bevorder én herontwerp kan word.

Of soos 'n advertensie vir 'n bekende slimfoon dit stel: “It captures your true self and allows you to be you.”

Die millenniërs, of die Y-generasie, is mense wat in 2015 tussen 18 en 34 jaar oud was en is die kinders van die X-generasie of die “baby boomers”. Hulle is dus die geslag wat vorentoe (nou reeds) die lewenspas kan aangee.

Teen dié agtergrond die vraag of die Y-generasie waarde toevoeg tot ons menswees? Veral ouer mense skud die kop en vermoed katastrofe.

Hulle vermoed dat dié generasie niks meer is as narsiste in die trant van wat die digter Walt Whitman lank gelede al in sy *Song of Myself* geskryf het: “I celebrate myself. I dote on myself . . . there is that lot of me, and all so luscious . . .”

Ouer mense vra: As jy dan jouself so kan herontwerp en bemark, wat word van die idee dat daar iets soos 'n vaste, onvervalste “ek” of “self” is wat jy ken en eg aan mense kan voorhou?

Daar is egter 'n ander perspektief. In postmoderne denke wat die Y-generasie voortstu, is dié ou siening van die self verdag.

Die self word gesien as polifonies – verskillende stemme wat gelyktydig en beurtelings meesprek en wat jou daagliks lei tot uiteenlopende take en rolle om die verskillende gestaltes van jou eenheid uit te leef.

Dit is nie vals of oneg nie. Soos die filosoof Johan Degenaar graag gesê het: “I put on this mask to show you my face.”

Die ouer idee van 'n vaste self skep dikwels probleme, soos wanneer mense sekere verwagtinge van jou het.

Jy moet wees soos hulle jou wil hê. Dit is die “self” wat hulle verstaan, ken en waardeer. En as jy nie meer so is nie, sê hulle jy is nie meer jou “ou self” nie.

Dit plaas druk op jou om nie anders te wees nie. En so begin jy versuim om aan sekere talente, vermoëns, belangstellings en leefstyle uitdrukking te gee – net omdat jy eintlik ander se verwerping of weerhouding van hul agting en liefde vrees.

Eintlik skep die Y-generasie vir almal nuwe lewensmoontlikhede: om mekaar se grense te help verskuif en om die self se verbysterende meerkantigheid te respekteer.

Altyd vloeibaar en beurtelings vry, bedreig, broos, kragtig, verward, dubbelhartig, gerustellend, onthutsend bekend en bekoorlik anders.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/die-y-generasie-skep-vir-almal-moontlikhede-20180213>

I've learned to take life  
from life,  
to love after a single kiss,  
and I didn't teach anything to anyone  
except what I myself lived,  
what I shared with other men,  
what I fought along with them:  
what I expressed from all of us in my song.”  
— Pablo Neruda, *All the Odes*

## Brood vir die pad

Bergtop-ervarings versterk ons om nie tou op te gooi

*RRV*

Volgende week begin die tyd van die kerklike jaar wat as Lydenstyd bekend staan. Dit word met Aswoensdag ingelui en strek tot Paasfees. Die fokus val in hierdie tyd op Christus se lydensweg na die kruis.

Op die Sondag voor Lydenstyd, in baie kerklike tradisies bekend as die Sondag van Verheerliking (of Transfiguratie), word onder meer op die teks-gedeeltes gefokus wat vertel hoe Jesus vir Petrus, Jakobus en Johannes na 'n hoë berg geneem het.

Hier het Jesus se voorkoms voor hul oë verander, sy klere spierwit geword, en Moses en Elia het boonop ook verskyn (Markus 9:2).

Die Switserse teoloog Karl Barth wys daarop dat dit aan die wonderverhale in die evangelies herinner, behalwe dat die wonder nie deur Jesus gedoen word nie, maar mét hom gebeur. Hierdeur word die dissipels as't ware 'n voorskou op die heerlijkheid en krag van die opstanding gegee.

In sy toespraak “I’ve been to the Mountaintop,” gelewer die dag voor hy in April 1968 in 'n sluip-moordaanval sterf, moedig Martin Luther King sy toehoorders aan om in die stryd om geregtigheid te volhard. Dié bekende toespraak eindig met 'n beskrywing van sy eie bergtop-ervaring:

“Well, I don’t know what will happen now. We’ve some difficult days ahead. But it doesn’t matter to me now because I’ve been to the mountaintop . . . And I’ve looked over and I’ve seen the Promised Land. I may not get there with you. But I want you to know that we, as a people, will get to the Promised Land . . . My eyes have seen the glory of the coming the Lord.”

Baie kan getuig van sulke bergtop-ervarings, van tye wanneer hulle begenadig is om iets van Christus se heerlijkheid te beleef op 'n manier wat helend en lewensveranderend is. Asook hoe die visie hulle versterk het om nie in moeilike tye tou op te gooi nie.

In Markus 9 lees ons verder dat Petrus vir Jesus, Elia en Moses hutte op die berg wou bou (vers 5), dalk om hierdie besondere oomblik langer te laat duur. Maar die teks dui daarop dat dissipelskap nie 'n permanente bergtop-ervaring veronderstel nie, maar behels om Christus in sy kruisweg na te volg.

In tye van swaarkry, ontugtering en moedeloosheid kan ons tog wel heimlik wonder of hier-die voorskou op die heerlijkheid nie blote oëverblindery was nie. Dalk soortgelyk aan 'n Aprilgek-grap – val Paassondag dan nie vanjaar op 1 April nie? Maar dalk is hierdie storie juis vir die wat só wonder.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/bergtop-ervarings-versterk-ons-om-nie-tou-op-te-gooi-20180209>

### Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,  
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

*Ubi caritas, et amor  
ubi caritas, Deus ibi est.*